

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 3 NO. 1 Maart 2009

Die kwartaallikse personeelblad vir die mense van die NWU

Inspirerende leier gereed vir nóg vyf jaar

Voor hy by hierdie universiteit begin werk het, het dr Theuns Eloff nooit vir meer as ses en 'n half jaar lank dieselfde pos beklee nie. Nou, met vyf jaar van visiekanselierskap agter die rug, is hy slag gereed vir die volgende vyf jaar.



Dr Theuns Eloff, Visiekanselier.

Dr Eloff, wat pas vir 'n tweede vyfjaartermyn (tot 2014) heraangestel is, is reeds sedert die samesmelting in 2004 aan die stuur van sake by die NWU. Onder sy leiding het die Universiteit verskeie toekennings ontvang en sy reputasie uitgebou as een van Suid-Afrika se mees innoverende en bes bestuurde hoërondwysinstellings.

Die verwagting is dat die Universiteit die groei- en ontwikkelingstempo van die jare ná die samesmelting gedurende die volgende vyf jaar sal kan handhaaf, en selfs daarop sal kan verbeter, en in die proses meer toekennings sal inoens en groter hoogtes sal bereik.

Dr Eloff glo dat hy nog baie te doen het by die NWU. "Ek is dankbaar vir die geleentheid om die verskillende strategieë wat sedert die samesmelting in 2004 geïmplementeer is, te kan finaliseer en konsolideer."

In die artikel op bladsy 3 en 4 kan u meer lees oor die hoogtepunte van sy eerste termyn, die strategiese vraagstukke wat hy tydens sy tweede termyn sal aanpak, en hoe hy voel oor die uitdagings waarvoor die NWU tans te staan kom.

"Onder dr Eloff se doeltreffende leierskap het die Noordwes-Universiteit in die afgelope paar jaar op verskeie gebiede uitgeblink," sê mnr Peet van der Walt, Voorsitter van die Raad.

Lees hier!

Mafikengkampus begin 2009 op 'n positiewe noot

5



Los dié probeem op en wen!

10



Meer as 5 000 eerstejaars by die NWU verwelkom in 2009

6



NWU-leiers skerp hul bestuursvaardighede op



Prof Chris van der Watt, Direkteur: Organisasie-leer en -ontwikkeling, was verantwoordelik vir die ontwikkeling van die Leierskapsakademie-program.

Die NWU het onlangs die eerste universiteit in Suid-Afrika geword om 'n Leierskapsakademie-program van stapel te stuur om bestuursleiers se bevoegdheid en potensiaal te ontwikkel.

Die eerste van die drie werksinkels wat vir 2009 beplan is, het van 12 tot 16 Januarie by die Institusionele Kantoor in Potchefstroom plaasgevind. Dit is bygewoon deur 35 NWU-leiers, insluitende lede van die Institusionele Bestuur, kampusrektore, viserektore, hoofdirekteurs, kampusregistrateurs en dekane.

Onderwerpe wat bespreek is tydens die werksinkel, het ingesluit: *Die skep van interpersoonlike verhoudings, Hoe om mense te mobiliseer en te inspireer, Konflikbenutting en Doelwitstelling*. Die sessies is gefasiliteer deur verskeie bestuursdeskundiges van buite, soos dr Jopie de Beer, 'n evalueringskonsultant van Randburg, mnr Tony Manning, 'n konsultant

van Johannesburg en dr Mandla Adonisi van die *Gordon Institute of Business Science* in Sandton.

Volgens dr Theuns Eloff, Visekanselier van die NWU, is die doel met die Leierskapsakademie om 'n inhuus-program vir die gestruktureerde en voortgesette ontwikkeling van die NWU se bestuursleiers te voorsien.

Die basiese uitgangspunt is dat leierskap die gedeelde verantwoordelikheid van 'n groep senior bestuurslede is (die sogenaamde leiersgemeenskap) wat leierskap op 'n kollektiewe en belynde wyse moet beoefen ten einde te verseker dat die NWU volhoubaar suksesvol is.

Dr Eloff glo dat die programme tot die doelwitte van groter organisasie-effektiwiteit en gehalte van werkslewe sal bydra.

Die volgende werksinkels sal onderskeidelik van 22 tot 26 Junie 2009 en van 23 tot 27 November 2009 gehou word.

2009 se uitdagings word terstond aangepak

Die jaar het teen 'n vinniger pas as gewoonlik weggespring as gevolg van uitdagings waarvoor die NWU binne die eerste paar maande van 2009 te staan gekom het. Hieronder is die Hoëronderwys- kwaliteitskomitee- (HOKK-) oudit en terreinbesoeke, en die Universiteit se antwoord op die kritiek wat vervat is in die verslag van die ministeriële taakspan wat aangestel is om die oorsake van die studente-onrus op die Mafikengkampus verlede jaar te ondersoek.

HOKK-oudit

In sy elektroniese nuusbrief van Februarie het die Visekanselier, dr Theuns Eloff, die institusionele oudit van die HOKK as "waarskynlik die belangrikste gebeurtenis in die leeftyd van ons universiteit" beskryf. U kan op bladsy 10 meer oor hierdie gebeurtenis lees. Om u bewus te maak van die oudit en terreinbesoeke, het ons dit die onderwerp van 'n blokkiesraaiselkompetisie gemaak. Een op-en-wakker wenner uit elke besigheidseenheid (Institusionele Kantoor en drie kampusse) sal 'n nuttige korporatiewe geskenk ontvang.

Ministeriële taakspan

Die Universiteit het ook voorlopige terugvoer aan die Minister van Onderwys, me Naledi Pandor, gestuur in reaksie op die ministeriële taakspanverslag wat in Desember 2008 ontvang is.

Alhoewel die NWU die verslag as 'n geleentheid vir introspeksie gebruik, het die Universiteit 'n aantal kritiese opmerkings gemaak oor die proses wat deur die Taakspan gevolg is, die feitefoute in die verslag, en die feit dat van

die aanbevelings op hierdie foute gegrond is. Vir meer inligting, lees die berig op bladsy drie.

Mees innoverende universiteit

In hierdie uitgawe fokus ons ook op die talle toekennings wat die Universiteit gedurende 2008 ontvang het (sien bladsy 16 vir die advertensie wat in verskeie publikasies verskyn het). Onder die talle toekennings wat ontvang is, is die benoeming van die NWU deur die Departement Wetenskap en Tegnologie se Innovasiefonds as die mees innoverende hoëronderwysinstelling in Suid-Afrika vir 2008.

Die Waarnemende Uitvoerende Direkteur van die Innovasiefonds, mnr McLean Sibanda, het verduidelik dat die uitmuntende beste praktyk wat die NWU vertoon het, vir die beoordelingspaneel uitgestaan het.

"Die NWU het 'n kultuur van innovasie gedemonstreer wat deur die hele instelling waarneembaar is. Daar was ook bewyse van wydte en diepte in die innovasie-aktiwiteite," het hy gesê. Die beoordelaars was ook beïndruk met die Universiteit se belegging in gefokusde navorsing, aangesien dit uitloop op meer fondse wat na die fokusareas gekanaliseer word, met groter vlakke van innovasie wat bereik word.

"Die NWU se energieke voorlegging is 'n aanduiding van 'n energieke kantoor, asook goeie leierskap. Alles in ag genome, 'n welverdiende toekenning," het mnr Sibanda gesê.

Die Rektor se deur word toegetrok

Eish! het met prof Piet Prinsloo, wie se ampstermyn as Rektor van die Vaaldriehoek-

kampus op 31 Augustus 2009 tot 'n einde kom, gesels. In die berig op bladsy agt en nege kan u meer lees oor sy vroeë jare as Rektor, die huidige uitdagings wat die Kampus in die gesig staar, en wat die toekoms vir hom en die Kampus inhou.

Die res van hierdie uitgawe van Eish! is volgepak met inligting oor die NWU se Leierskapsakademie-program (bl 2), die resultate van 'n opname oor sosiale kohesie onder NWU-studente (bl 11), die FW de Klerk-uitstalling (bl 12), en die inname van 2009-eerstejaars (bl 15).

Ons wens almal wat by die HOKK-oudit betrokke is voorspoed toe – ons vertrou dat alles glad sal verloop.

Ure en ure se harde werk en voorbereiding is reeds aan dié gebeurtenis bestee en daar volg nog meer totdat hierdie oudit-siklus voltooi is.

Om die afsluiting van die terreinbesoek by die Institusionele Kantoor te vier, kan almal 'n welverdiende blaaskans neem en op Vrydag 20 Maart 2009 by die interkampus- sosiale dag op die Potchefstroomkampus kom ontspan.

Sien julle daar!

Nelia Engelbrecht



Werk kritiek met uitnemendheid teë

Die NWU het sedert die samesmelting in 2004 talle struikelblokke oorkom, ruwe storms trotseer en verskeie eerbewyse ontvang. Eish! het die Visekanselier, dr Theuns Eloff, gevra om sy siening oor die NWU se prestasies en uitdagings te deel.

Die NWU moet so uitmuntend presteer dat alle kritiek deur die omvang van sy prestasies stilgemaak word, sê dr Eloff. Hy glo vas dat die NWU op die regte pad is – ten spyte van die voorbehoude in die verslag wat 'n ministeriële taakspan in Desember 2008 aan die NWU-Raad oorhandig het.

Die taakspan is aangewys deur die Minister van Onderwys, me Naledi Pandor, nadat studentenorpus verlede jaar klasse op die Mafikengkampus ontwrig het.

“In die lig van die geskiedenis van die NWU en die dele waaruit dit saamgestel is, sal die instelling altyd van die gemiddelde Suid-Afrikaanse universiteit verskil, en dit sal dikwels kritiek ontlok. Ons moet egter nie op die verdediging wees nie. Ons moet liever kyk na wat ons al alles bereik het en dinge in die regte perspektief sien,” sê dr Eloff.

Prestasies

“Wanneer ek oor die afgelope vyf jaar terugkyk, sluit die prestasies wat by my opkom die bestendige, deurslaggewende vordering in wat ons met ons kernbesigheid van onderrig-leer en navorsing gemaak het.”

Onder alle voorgraadse studente, insluitende die meer as 16 000 afstandstudente, het die

slaagkoers in 2007 tot 79,5% gestyg, vergeleke met 78,5% in 2006. (Syfers vir 2008 sal eers later vanjaar beskikbaar wees wanneer die volgende NWU-jaarverslag gepubliseer word.)

Die slaagkoers vir eerste grade en diplomas vir 2007 was 'n uitstekende 25,3% – 'n verbetering op die 24% van 2004. Dit het die NWU onder die top vyf universiteite in die land geplaas.

Die getal NNS-gegradeerde-navorsers het ook 'n bestendige groei van 85 in 2006 tot 95 in 2007 getoon, en volgens voorlopige 2008-syfers staan dit nou op 102 of 11% van alle akademiese personeel. Die NWU tel tans onder die sewe top universiteite in Suid-Afrika wat navorsing betref, en is in die top twee vir innovering.

Die NWU het in 2006 die derde meeste doktorsgrade in SA gelewer, naamlik 110. Sedertdien styg die getal PhD's steeds. 'n Totaal van 124 doktorsgrade is in 2007 toegeken en 132 in 2008.

Daarbenewens het die NWU waardevolle eksterne erkenning in die vorm van verskeie gesogte toekennings ontvang. (Sien agterblad vir meer besonderhede.)

Ander hoogtepunte wat dr Eloff onthou, is die drie interkampus- sosiale dae wat in 2007 en 2008 gehou is en wat 'n gevoel van eenheid onder al die personelede van die NWU gevestig het.

Huidige uitdagings en strategiese kwessies

Uitdagings waarvoor die NWU tydens dr Eloff se huidige en volgende ampstermyn te staan sal kom, sluit die ministeriële taakspan se verslag, die HOKK-oudit en die vervanging van twee gewaardeerde kampusrektore in. Daarbenewens sal die Universiteit fokus op strategiese kwessies, soos internasionalsisasie en institusionele bevordering (insluitende die bou van 'n sterk skenkingsfonds).

• Verslag: Ministeriële taakspan

“Die ministeriële taakspan het verskeie geldige en relevante kwessies in hulle verslag uitgewys, insluitende sosiale kohesie, programbelyning en transformasie. Hierdie kwessies moet in 'n baie ernstige lig beskou word,” sê dr Eloff.

“Waar die taakspan egter sekere kwessies verkeerd vertolk het, of tot verkeerde gevolgtrekkings gekom het, byvoorbeeld oor ons taalbeleid en ons bestuursmodel, moet ons hulle egter weerlê – nie slegs deur ons woorde nie, maar ook deur ons daede en ons suksesse.”

Dr Eloff glo ook dat die ministeriële taakspan se verslag gesien moet word in die konteks van universiteite as outonome instellings, wat deur hul rade bestuur word. “Geen ander liggaam het afdwingbare gesag oor 'n universiteit nie. Ons erken egter die feit dat ons outonomie op openbare aanspreeklikheid en funksionering binne die plan vir hoër onderwys in Suid-Afrika gegrond is.”

Daar word verwag dat die NWU-Raad voor die einde van Maart finale terugvoer oor die verslag van die ministeriële taakspan sal gee.

• HOKK-oudit

Die uitdagings wat die HOKK-oudit bied, en waarvoor die NWU lank reeds voorberei, sal ná die huidige rondte van HOKK-terreinbesoeke voortgaan. Die NWU sal ongeveer 'n jaar ná die HOKK-oudit finale terugvoer van die ouditpaneel ontvang.

! Na bladsy 4

Dr Theuns Eloff word gelukkig deur sir Trevor McDonald, Kanselier van die London South Bank University. Dr Eloff het op Woensdag, 19 November 2008 'n eredoktorsgraad in die Regte van hierdie universiteit ontvang. Tydens die seremonie het die Visekanselier van dié universiteit, prof Deian Hopkin, gesê dat hierdie doktorsgraad aan dr Eloff toegeken is vir sy betrokkenheid by wêreldwye opvoeding en maatskaplike transformasie, en vir sy bydrae tot die vennootskap met die London South Bank University en sy waardes.



Werk kritiek met uitnemendheid teë

Van bladsy 3

'n Kwaliteitsverbeteringsprogram moet dan op grond daarvan opgestel word.

"Ons sal intussen aan daardie probleme wat ons in ons selfevalueringsportefeulje geïdentifiseer het, begin aandag gee, soos dié ten opsigte van dissiplinêre prosesse rakende studente, en hulpbronbestuur," sê dr Eloff.

• Uittredende rektore

Die verlengde ampstermyne van prof Annette Combrink, Rektor van die Potchefstroomkampus, en prof Piet Prinsloo, Rektor van die Vaaldriehoekkampus, loop onderskeidelik op 31 Desember 2009 en 31 Augustus 2009 ten einde.

"Alhoewel dit tot 'nuwe bloed' by die NWU kan lei, was beide hierdie kollegas vir talle

dekades by die Universiteit en sy voorgangers betrokke, en sal dit nie maklik wees om iemand te kry om hulle skoene vol te staan nie," sê dr Eloff.

• Internasionalisasie en institusionele bevordering

"Die NWU is van plan om ons kontak met internasionale universiteite uit te bou," sê dr Eloff, en voeg by dat nog 'n kwessie van strategiese belang dié van institusionele bevordering is. "Ons moet veral 'n sterk skenkingsfonds opbou," sê hy. Albei kwessies sal voorkeuraandag kry om selfs groter momentum gedurende die komende jaar te verseker.

'n Welverdiende ruskans

Vir die eerste keer in sy loopbaan is daar aan dr Eloff langverlof toegestaan. Hy sal sy drie maande verlof gedurende die eerste helfte van die jaar neem, maar dit sal vir 'n paar formele verpligtinge onderbreek word.

Hy sal in Mei hierdie jaar in sy hoedanigheid as Voorsitter van Hoër Onderwys Suid-Afrika

(HESA) by 'n spitsberaad van die G8-lande in Italië 'n visekanseliersforum bywoon. Dit sal die eerste keer wees dat 'n G8-spitsberaad 'n visekanseliersforum insluit.

In Junie sal hy in sy hoedanigheid as Visevoorsitter van die Vereniging van Statebondsuniversiteite (ACU) 'n ACU-Visekanseliersforum in Maleisië bywoon. Hierdie gebeurtenis val saam met 'n vergadering van die Ministers van Onderwys van Statebondslende.

"Ek sal my langverlof ook onderbreek om die volgende weeklange sessie by te woon wat deur ons nuutgestigte Leierskapsakademie aangebied word," sê dr Eloff. (Lees meer oor hierdie akademies op bladsy 2.)

En hoe gaan hy die res van sy verlof deurbring?

"Ek gaan my batterye herlaai deur te rus, gholf te speel, by die kus te ontspan en die Bosveld te besoek. Ek wil gedurende die laaste paar weke my leeswerk inhaal – ek wil graag my kennis oor die jongste bestuursontwikkelings opknip."

Dr Ngoato Takalo, Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof sal in hierdie tyd as waarnemende Visekanselier optree.

Daar is groot waardering onder kampusrektore vir dr Eloff se leierskap. Eish! het hulle gevra om hul sienings te deel:



Prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus



Prof Annette Combrink, Rektor: Potchefstroomkampus



Prof Piet Prinsloo, Rektor: Vaaldriehoek-kampus

V: Hoe het dr Eloff u en u kampus tydens sy eerste termyn as Visekanselier ondersteun?

Sedert die samesmelting het dr Theuns Eloff konstruktiewe strategiese beplanning verskaf en krisissituasies gestabiliseer met sy kalm geaardheid en sy besondere onderhandelings- en bemiddelingstyl.

Dr Eloff was ook my persoonlike mentor gedurende my tyd as Rektor en dit was vir my baie waardevol.

Die Kampus het nog altyd groot waardering vir die leierskap van dr Eloff gehad. Sy gereelde, geskeduleerde besoeke aan die onderskeie afdelings, vergesel van die Kampusrektor, het gehelp om 'n gevoel onder die personeel te skep dat hulle ingelig en betrokke is. Die Kampus voel veilig en kan dus op hul kernbesigheid fokus.

Die Vaaldriehoekkampus het sedert 2004 by die samesmelting en inkorporering gebaat, aangesien die Kampus as volwaardige derde kampus geposisioneer is, wat 'n nuwe ontwikkelingsfase ingelui het. Dr Eloff het deurgaans hierdie nuwe posisie van die Kampus ondersteun en in vergaderings gepropageer.

V: Hoe voel u oor die heraanstelling van dr Eloff as Visekanselier vir nog 'n termyn en hoe gaan u kampus daaruit voordeel trek?

Ek ondersteun dr Eloff se heraanstelling as Visekanselier vir nog 'n termyn ten sterkste. Dit sal kontinuïteit en volhoubaarheid van die samesmeltingsproses, en stabiliteit op al drie kampusse verseker.

Die prosedures wat hy in plek gestel het tydens sy eerste termyn en die ondervinding wat hy opgedoen het deur die tandekryprobleme van die samesmelting te hanteer, het hom toegerus om soortgelyke huidige en toekomstige uitdagings die hoof te bied.

Ons is baie bly dat hy heraangestel is. Op hierdie tydstip in die geskiedenis van die Universiteit is dit absoluut deurslaggewend om sekuriteit en stabiliteit te hê, en dr Eloff is uniek geposisioneer om dit vir die hele Universiteit te voorsien. Sy breër betrokkenheid, byvoorbeeld by Hoër Onderwys Suid-Afrika en die Vereniging van Statebondsuniversiteite, gee ook 'n gevoel van sekuriteit omdat hy 'n breër visie het en sy invloed kan uitoefen waar dit saak maak.

Die NWU het die voortsetting van dr Eloff se strategiese leiding as Visekanselier, en sy leierskap en innoverende aanslag nodig, sodat die samesmeltingstrategieë in stelsels en prosesse gevestig kan word.

Die Kampus is tans in 'n versnelde ontwikkelingsfase en 'n Visekanselier se ondersteuning op die hoogste vlak is onontbeerlik. 'n Nuwe Visekanselier wat nie die agtergrond en ervaring het nie, sal die ritme van die proses versteur en die realisering van doelwitte vertraag.

Kursus vir nuwe akademiци 'n reusesukses



Sewe akademiци van die Mafikengkampus het vanaf 3 tot 5 Februarie 'n kursus vir nuwe dosente by die C1-gebou in Potchefstroom bygewoon. Die kursus, wat daarop gemik was om akademiци aan die beste praktyke en nuwe tendense in hoër onderwys bekend te stel, is deur 38 nuut-aangestelde dosente van al drie kampusse bygewoon. Van hulle was 20 van die Potchefstroomkampus en 11 van die Vaaldriehoekkampus.

Me Mariaan Klopper van die Institusionele Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning- (AOS-) kantoor het die kursus aangebied.

Die akademiци van die Mafikengkampus wat van 3 tot 5 Februarie 2009 'n institusionele kursus vir nuut-aangestelde dosente bygewoon het, is agter van links na regs: Mnr Theo Triegaardt, mnr Fritz Kgotle, dr Ngoato Takalo, Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof, en mnr Thabo Mashoene. Voor van links na regs is: Me Annarie Müller, mnr Jan van der Merwe, me Veronica Sivhabu, me Janet Hanna en dr Sabi Ranko-Ramaili van Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning, Mafikengkampus.

Begin 2009 op 'n positiewe noot

Die amptelike opening van die Mafikengkampus het op 'n bewolkte dag plaasgevind, in 'n markiestent wat met meer as 1 000 mense volgepak was.

In sy verwelkomingsrede het prof Dan Kgwadi, Kampusrektor, die studenteierskap bedank vir hul onderneming dat 2009 'n stabiele jaar sal wees. "Ek is bly dat ons hierdie jaar op 'n positiewe noot begin het, met die registrasieproses wat tot dusver volgens plan verloop het," het hy gesê.

Tydens die geleentheid is langdiens-toekennings aan 59 personeellede oorhandig.

Skootrekenaars is ook oorhandig aan sewe eerstejaarstudente wat onder die nuweling die beste graad 12-presteerders vir 2008 was. Die toppresterder, me Fatima Modutwane, wat aan die Kebonang Sekondêre Skool in die Mafikeng-area gematrikuleer het, het ook 'n volle beurs ontvang. Die opening is deur dr Ngoato Takalo, Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof, gelei.

Prof Dan Kgwadi, Kampusrektor, saam met me Fatima Modutwane, die toppresterder onder die eerstejaars.



Rekord-opkoms vir Botswana-alumni

Die Noordwes-Universiteit (NWU) het onlangs 'n galadinee by die Gaborone Sun-konferensiesentrum in Gaborone, Botswana bygewoon.

Me Susan van Rooyen, Waarnemende Bestuurder: Bemaking en Kommunikasie, het die alumni verwelkom en hulle verseker dat die Universiteit trots is op hul buitengewone prestasies en die leidende rol wat hulle in Botswana speel. "Julle is ambassadeurs vir en vennote van hierdie universiteit en ons wil hê julle moet betrokke bly by julle alma mater," het me Van Rooyen gesê.

Prof Dan Kgwadi het die alumni genooi om die Kampus te besoek en - deur hul kundigheid beskikbaar te stel - 'n meer aktiewe rol te speel deur leiding te gee aan die huidige studenteiers.



Dr Dan Kgwadi, Kampusrektor, spreek die alumni toe.

IKS pak navorsingsbul by horings

Die Inheemse Kennisstelsels (IKS) is besig om die navorsingsbul by die horings te pak en sal eersdaags spog met die publikasie van meer as tien internasionaal geakkrediteerde artikels.

Dié sentrum, in samewerking met die Nasionale IKS-kantore en die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (DBSA), het die vaktydskrif Alternation genader om meer as tien navorsingartikels te publiseer.

Alternation is 'n vaktydskrif van die Sentrum vir die Studie van Suider-Afrikaanse Literatuur en Tale. Dit is 'n internasionaal geakkrediteerde vaktydskrif wat by die Universiteit van KwaZulu-Natal gesetel is.



Prof Annette Combrink

Rektor nuwe Voorsitter van Aardklop-direksie

Prof Annette Combrink, Kampusrektor, is aangewys as die nuwe Voorsitter van die direksie van die Aardklop Nasionale Kunstefees. Sy is die eerste vrou wat die voorsitterstoel inneem en volg dr Theuns Eloff op, wie se termyn as voorsitter verstryk het.

Prof Combrink is passievol oor die kunste en in haar lang universiteitsloopbaan, onder meer as Direkteur van die Skool vir Tale en Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, het sy baie gedoen om die kunste op die Kampus te bevorder.

“Weens die wêreldwye ekonomiese druk gaan die kunste beslis aan die kortste ent trek en sal ek my daarvoor beywer om die fees se borggrondslag uit te brei.”

Die Aardklop-direksie bestaan uit vrywilligers uit verskeie spesialisvelde, wat sonder vergoeding die bevordering van die kunste op die hart dra.

Oudstudent is sportsielkundige vir Brumbies

'n Oudstudent van die Potchefstroom-kampus is pas as sportsielkundige van 'n Super 14-span in Australië aangewys.

Dr Pieter Kruger is deur die Brumbies gekontrakteer om toepaslike span- en individuele sielkundige assesserings en intervensies te behartig. Dr Kruger was die afgelope drie jaar by die bekende Harlequins-span in Londen betrokke.

Die vorige afrigter van die Harlequins, mnr Andy Friend, is deur sy tuisland gewerf om die Brumbies af te rig. Hy het sy eie bestuurspan saamgestel en dr Kruger gevra om die span se sportsielkundige vir die komende seisoen te wees.

Weens dr Kruger se betrokkenheid by die Harlequins en die feit dat hy 'n vennoot in 'n privaatpraktyk in Londen is, kon hy nie permanent na Australië verhuis nie.

Dr Kruger het sy BA-graad en twee honneursgrade in psigologie en sportwetenskap met lof aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) verwerf, 'n meestersgraad in kliniese sielkunde aan die Vrystaatse Universiteit en daarna sy doktorsgraad in sportsielkunde weer aan die PU vir CHO. In 2004 was hy die sportsielkundige vir die rugbyinstituut op die Potchefstroomkampus van die NWU.

Dr Pieter Kruger by Twickenham Stoop, die Harlequins se tuisgronde, kort voor 'n wedstryd.



Kunsopdrag verskaf plesier aan minder-bevoorregtes

Kunsstudente van die Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies het kort voor die Feestyd groot plesier verskaf aan minder-bevoorregte kinders in van die armste gemeenskappe rondom Potchefstroom.

Kunsstudente van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe het in opdrag van hul dosent, me Dédé Victor, speelgoedkatte van oorskietmateriaal gemaak wat hulle ook later in 'n skildery moes gebruik. Die projek is “Katte met harte” of “Care Cats” gedoop.

Die vroueliga van die St Michael's Katolieke Kerk het 84 van die speelgoedkatte saam met emmers vol basiese voedselbenodigdhede aan die kinders uitgedeel.

Daar was groot vreugde toe die kunsstudente se “Katte met harte” in woongebiede rondom Potchefstroom uitgedeel is. Me Madeline Major van die St Michael's se vroueliga oorhandig hier van die katte.

Dosent ontvang erepenning



Prof Linda Theron van die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe aan die Vaaldriehoekcampus het 'n erepenning van die Onderwysvereniging van Suid-Afrika (OVSA) ontvang.

Die toekenning is in die kategorie Jong Navorsers 2009 toegeken, en is die resultaat van prof Theron se bydrae tot en bevordering van die wetenskaplike status van onderwys.

Sy is tans by vier groot projekte betrokke – twee internasionaal en twee nasionaal. Die nasionale projekte is *Resilient Educators*, wat daarop gemik is om aanpasbaarheid te bevorder onder opvoeders wat deur die MIV-pandemie geraak word en *Read-me-to-Resilience*, waarmee bepaal word of die voorlees van kultuursensitiewe metaforiese stories aan vigs-wesies aanpasbaarheid kan bevorder.

Internasionaal werk sy saam met navorsers uit lande soos Kanada, China, die Verenigde State, Indië, Thailand, en Colombië.

Prof Linda Theron en haar man, prof Tinie Theron.

Madeleine presteer by kursus vir nuwe dosente



Me Madeleine Groenewald, 'n dosent verbonde aan die Skool vir Inligtingstegnologie, Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie, het onlangs skoonskip gemaak tydens 'n kursus vir nuwe dosente en met prysgeld ter waarde van R2 000 weggestap.

Tydens die kursus, wat deur die Potchefstroomcampus se Skool vir Filosofie aangebied is, is Me Groenewald as wenner aangewys vir haar bydrae tot een van die studiegidse om grondslagvraagstukke van haar gekose vakgebied te verduidelik. Vir hierdie opdrag het sy die tweedejaarsvak, Besluitsteunstelsels, gekies en gevolglik 'n hoofstuk in die studiegids herskryf.

Me Groenewald, wat reeds vanaf Oktober 2007 deel van die personeelkorps is, spesialiseer in statistiek en besluitsteunstelsels.

Personeellid laat die speke sing

En van die uitblinkers in vanjaar se *Fast One*-fietswedren, aangebied deur die Vaaldriehoekcampus, was mnr Jan Tshabalala, 'n werknemer by Tegniëse Dienste.

Honderde fietsryers het aan vanjaar se wedren deelgeneem. Dit het by die Nasrekonferensiesentrum in Johannesburg begin en op die Kampus tot 'n einde geloop, 'n afstand van 103km.

Mnr Tshabalala het die uitmergelende wedren in net meer as drie ure voltooi en het 'n twaalfde plek in die P-groep – waarin 243 ryers deelgeneem het – verwerf.

Ter voorbereiding vir die fietswedrenne durf mnr Tshabalala elke oggend die 50km na die kampus met sy fiets aan.



Mnr Jan Tshabalala van Tegniëse Dienste.

Me Madeleine Groenewald van die Skool vir Inligtingstegnologie.

Een deur gaan toe en 'n ander een oop

Prof Piet Prinsloo, Rektor van die Vaaldriehoekcampus sal oor ongeveer ses maande die deur van die rektorskantoor vir die laaste keer agter hom toetrek. Sy oorspronklike ampstermyn as Rektor is in 2007 verleng, maar sal finaal op 31 Augustus 2009 tot 'n einde kom. Eish! het met hom oor die verlede, die hede en die toekoms van sy geliefde Kampus gepraat.

Prof Piet Prinsloo is 'n lang man, en wanneer jy met hom praat, moet jy opkyk om oogkontak te maak. Dit is ook figuurlik gesproke waar: studente en personeel van die NWU se Vaaldriehoekcampus het die afgelope vyf jaar na hom as hul Kampusrektor opgekyk vir leiding.

Eerste treë

Prof Prinsloo, 'n voormalige onderwyser, het sy eerste treë op die walle van die Vaalrivier gegee toe hy in 1977 as dosent by die Vaaldriehoekcampus van die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) aangesluit het. Hy het in 1985 die Vaaldriehoekcampus vir die voormalige Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) verruil, maar het twee en 'n half jaar later teruggekeer. Hy is op 1 April 1994 as waarnemende Viserektor aangestel, en op 1 Julie 1995 as Viserektor en Kampushoof.

Vanaf April 2002, terwyl hy steeds Kampushoof was, het prof Prinsloo ook as Viserektor: Akademie, en Adjunkhoof van die PU vir CHO gedien.

In Januarie 2004, toe die NWU tot stand gekom het, is prof Prinsloo as Rektor van die Vaaldriehoekcampus aangestel.

Terugblik

Ten tyde van die samesmelting was een van die grootste uitdagings die inlywing van die Sebokengcampus van die voormalige Vista-universiteit. Die hoofstruikelblok was dat die Vaaldriehoekcampus, anders as in die geval van Vista se ander ses kampusse, nie een van daardie universiteit se geriewe geërf het nie. Die Kampus het egter die uitdaging die hoof gebied, en deur 'n stelselmatige proses te volg en die ondersteuning van alle personeel te verkry, is 'n stabiele en gesonde kampusklimaat gevestig.

Dieselfde positiewe klimaat bestaan vandag nog op die Vaaldriehoekcampus. Prof Prinsloo skryf dit toe aan die Kampusbestuur se deurlopende fokus die afgelope dekade op vier basiese ontwikkelingsaspekte, naamlik:

- Om haalbare aspekte van uitnemendheid te ontdek en te herontdek;
- Om te droom oor 'n uiteindelijke doel vir die Kampus – dat dit eendag 'n modelkampus en 'n relevante en lewensvatbare plek van hoër onderwys sal wees;
- Om die prosesse en strategieë te ontwikkel en te hersien ten einde die droom te bewaarheid; en
- Om die droom te bewaarheid, gebaseer op die gesamentlike bereidwilligheid van



Prof Piet Prinsloo

die personeel om jaar na jaar hul insette in hul taakooreenkomste te verbeter.

Hoogtepunte

Prof Prinsloo het gedurende sy termyn as Rektor die krag van spanwerk eerstehands ervaar. "Samewerking het ons in staat gestel om binne 'n kort tydjie 'n volhoubare en kwaliteitsgedrewe kampus te wees," sê hy.

Die Kampus het die afgelope paar jaar 'n rekordgroei en -kapitaalbelegging ervaar. Dit is egter nie net die Kampus wat gegroei het nie. Prof Prinsloo glo dat hy tydens sy termyn as Rektor ook as mens gegroei het en wysheid verkry het.

"Ek het byvoorbeeld geleer dat om die gewenste resultate te verkry, moet elke bestuurder belangstel in:

- Wat mense doen (die stappe wat hulle doen om by hul taakooreenkomste te hou) en
- Hoe hulle voel (die klimaat waarin en omstandighede waaronder hulle werk)."

Sterkpunte

Prof Prinsloo is baie trots op die Vaaldriehoekcampus se personeellede, en veral hul bydrae tot die hoë gehalte van onderrig en leer op die Kampus.

"30% van ons akademiese personeel is besig met nagraadse studies en ongeveer 38% het reeds meesters- of doktorsgrade," sê prof Prinsloo.

Hy glo dat verdere beleggings in die vaardighede van individue gemaak moet word, en dat nuwe doelwitte gestel moet word wat op kwaliteit en die bevordering van bevoegdheid en kundigheid fokus om sodoende die 'metabolisme' van die Kampus te verhoog.

Huidige uitdagings

Hoewel hy nou besig is om sy laaste rondte om die baan te voltooi, deel prof Prinsloo steeds heelhartig in die drome van die kampusgemeenskap en werk hy saam om doelwitte te bereik.

“Sodra ons nuwe lesingsaalkompleks voltooi is, sal ons graag ons studentegetalle tot 5 000 wil laat styg, terwyl ons ook ons finansiële steun aan studente uit agtergeblewe gemeenskappe wil verhoog.”

Nog 'n uitdaging is om programme en kwalifikasies wat tans aangebied word, te hersien en uit te brei en in besonder op die behoeftes van die Vaaldriehoekgebied te fokus.

“Ons streef daarna om 'n streeksbate vir die Vaaldriehoek en die akademiese hoeksteen in die industriële hartland van die land te wees. Deur gehaltstudente te werf en by hulle die begeerte vir lewenslange leer te kweek, en hulle met akademiese kundigheid, praktiese vaardighede en waardevolle lewenservaring toe te rus, dra die Kampus proaktief by tot die vernuwing en volhoubare groei van die streek,” sê prof Prinsloo.

'n Verwante doelwit is om die Quest-opleidingsentrum tot sy volle potensiaal te ontwikkel en dit as die NWU se gemeenskapskundighedsentrum vir die Vaaldriehoekstreek, suidelike Gauteng en die Noord-Vrystaat te ontwikkel.



Prof Piet Prinsloo se bestuurspan is agter van links prof Linda du Plessis, Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Bepanning, me Elbie Steyn, Kampusregistrator, en mnr Bertie Visser, Hoofdirekteur: Finansies en Fasiliteite. Voor van links is prof Roy Dhurup, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie, Prof Piet Prinsloo, en Prof Tinie Theron, Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe.

Gereed vir die HOKK

“Die Vaaldriehoekkampus is gereed vir die HOKK-oudit en terreinbesoek in Maart 2009. Ons personeel was reg van die begin af by die voorbereidingsproses betrokke en daar is 'n hoë vlak van kwaliteitsbewustheid onder die personeel en studente. Die grootste uitdaging is om die HOKK-oudit te sien as deel van 'n voortgesette, selfregulerende, kwaliteitsgedrewe proses, en nie 'n eenmalige gebeurtenis nie.”

- Prof Piet Prinsloo, Rektor: Vaaldriehoekkampus

Toekomsblik

Gemeenskapsontwikkeling, veral in die Vaaldriehoekstreek, lê vir prof Prinsloo na aan die hart. Hy sal in Augustus hierdie jaar, wanneer hy vir die laaste keer die rektorskantoor se deur agter hom toetrek, 'n ander deur oopmaak: een wat tot die oprigting van 'n gemeenskapsontwikkelingsnetwerk vir die Vaaldriehoekkampus en die streek sal lei.

Sy betrokkenheid sal die implementering van die NWU se kundigheid, vaardighedsopleiding en korporatiewe bevordering en borgskappe behels.

Vir die implementering van kundigheid sal hy op skakeling met die Sektorale Onderwys

en Opleidingsowerhede (SETA's) fokus om leiderskappe te kry, asook op die skakeling tussen alle NWU-fakulteite en besighede en industrieë in die Vaaldriehoekstreek oor sake soos tenders, ekonomiese impakstudies en die Vaal-luggehalteprojek.

Hy sal ook vaardighedsopleiding by die Quest-opleidingsentrum bevorder, insluitende beroepsopleiding wat deur die Water Tower-opleidingsentrum aangebied word, en kortkursusse wat deur die Potchefstroomse Besigheidskool en die Vaardighedsontwikkelingseenheid aangebied word.

Die verkryging van borgskappe vir universiteitsprojekte en -programme, insluitende A meal a day, Ikateleng en Sediba, sal ook deel van prof Prinsloo se verantwoordelikhede wees.

Hy sal vir die volgende vyf jaar in hierdie hoedanigheid by die NWU betrokke wees, totdat hy op 65 aftree.

Waarna sien hy uit?

“Ek wil graag my en my gesin se lewensgehalte verbeter,” sê hy.

Dit lyk asof hy verwag dat die pas in die toekoms effens gaan verslap, maar dit sal 'n mens maar moet sien ... Eenmaal 'n naelloper, altyd 'n naelloper – selfs al neem jy aan 'n ander wedloop deel.

En wat sal hy die meeste mis?

“Die pragtige uitsig oor die Vaalrivier vanuit my kantoorvenster!”

Sy voorkeure en afkeure

Gunstelingkos: Braaivleis.

My gunstelingboek/film:

Boeke: Historiese romans.

Films: Goeie dramas.

Dit maak my gelukkig:

Wanneer 'n projek suksesvol voltooi is, en vreugde en geluk vir die deelnemers bring.

Wat ek in mense waardeer:

Mense wat eerlik, opreg en sonder skanse is.

Wat ek frustrerend of irriterend vind:

Mense met opgeblaasde ego's.

My beste vakansie ooit:

Om om 'n kampvuur in 'n natuurreservaat of in die Bosveld te sit en kuier, terwyl ek 'n glas goeie wyn geniet.

My gesin: Ek is met Wilna Ernst getroud, wat ek ontmoet het toe ons studente was. Ons het drie kinders: Anita is getroud met Marius Lennox, en hulle het twee seuns, WG (3 jaar) en Pieter (2 maande). My ander dogter, Jané, is op 14 Februarie 2009 met Johan Smit getroud. Ek het ook 'n seun, Philip.

HOKK-terreinbesoeke in volle swang by die NWU

Maande van harde werk en voorbereidings vir die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee-(HOKK-) oudit het uiteindelik op terreinbesoeke deur die HOKK-paneel uitgeloop.

HOKK-paneellede het die drie kampusse van die NWU tussen 16 en 19 Februarie 2009 besoek, waartydens die kampusrektore, -besture en -studenterade voorleggings gedoen het, en kort kampoere onderneem is.

Tussen 15 en 20 Maart 2009 sal die C1-gebou 'n miernes van bedrywigheid wees wanneer die paneel die Institusionele Kantoor in Potchefstroom besoek om die bewysdokumente in die NWU se dokumentkamer te bestudeer en onderhoude met verskillende groepe te voer.

Hierdie onderhoude sal nie net beplande sessies met die genooid NWU-belanghebbendes insluit nie, maar ook oop sessies vir ander lede van die NWU-gemeenskap wat graag voor die paneel wil verskyn. Individue of groepe kan ook voor die einde van die terreinbesoek geskrewe voorleggings aan die HOKK-paneel maak, mits hulle duidelik kan motiveer waarom dit nodig is om sulke inligting onder die aandag van die paneel te bring.

"Tydens die terreinbesoek sal paneellede die inligting evalueer wat in die NWU se portefeulje vervat is wat op 3 Desember 2008 aan hulle voorgelê is. Hulle sal ook die geldigheid van ons aansprake oor kwaliteitsversekeringsprosesse en -meganismes ondersoek," sê prof Es Steyn, Bestuurder: Kwaliteit.

Die genooid persone met wie onderhoude gevoer sal word, is reeds ingelig oor hoe hulle

vir die onderhoude moet voorberei en wanneer hul geskeduleerde sessies sal plaasvind. Tydens die terreinbesoek sal hulle ook SMS-boodskappe ontvang om hulle aan hul onderhoude te herinner.

Groepe personeellede en studente sal vanaf die drie kampusse na die Institusionele Kantoor vervoer word om met die HOKK-paneel onderhoude te voer.

Indien u meer inligting oor die HOKK-oudit verlang, en in besonder oor die naderende terreinbesoek by die Institusionele Kantoor, kan u me Melinda du Toit van die Institusionele Projektkantoor by (018) 299 4604 vir logistiese inligting skakel, en prof Es Steyn by (018) 299 4875, of dr Jannie Jacobz, Direkteur: Kwaliteitskantoor by (018) 299 4874, vir algemene inligting. Wees ook op die uitkyk vir die daaglikse elektroniese e-poskennisgewing, @NWU, vir nuusflitse.

Inligting kan ook op die NWU se webtuiste by <https://intranet.nwu.ac.za/af/in-im-heqc/index.html> gekry word. Dis hoe jy dit in die hande kan kry:

- Gaan na die NWU-webblad: www.nwu.ac.za
- Klik op die taalvoorkeur
- Klik op Personeel-intranet
- Klik op Strategiese prioriteite
- Klik op HOKK.



Me Amanda van der Merwe, Bestuurder: Institusionele Administrasie, (middel) en haar span, mee Jacoline Jansen van Vuuren (links) en Salome Seshabelo (regs) is verantwoordelik vir die dokumentkamer.


Woeker met woorde en wen

Uvaardigheid om probleme op te los, kan vir u 'n korporatiewe geskenk in die sak bring.

Gebruik die artikel hierbo om hierdie blokkiesraaisel te voltooi - as u dit na nelia. engelbrecht@nwu.ac.za, faks (018) 299 4938 of interne bussie 260, NWU, stuur, kan u die wenner van ons gelukkige trekking wees. Die eerste korrekte inskrywing van elke besigheidseenheid kan vir die deelnemer 'n handige korporatiewe geskenk besorg.

Af:

1. Kontak haar vir meer inligting oor die logistiese reëlings rondom die terreinbesoek. (Voornaam)
2. Prof Es Steyn is 'n bestuurder in hierdie kantoor.
3. Me Amanda van der Merwe en haar span was verantwoordelik vir die inrig van diekamer.
4. 'n Soort voorlegging.
5.lede van die HOKK sal onderhoude met verskillende groepe voer.
6. Die terreinbesoek aan die IK vind in hierdie maand plaas.
7. Die HOKK tans die NWU.



Dwars:

1. Afkorting: Hoëronderwys-kwaliteitskomitee.
2. Die elektroniese weergawe van die NWU se self-evalueringportefeulje is op die beskikbaar.
3.besoeke het tussen 16 en 19 Februarie 2009 plaasgevind.

4. Hierdie woord beskryf die kantoor waar die laaste terreinbesoek sal plaasvind.
5. Mense met wie onderhoude gevoer word, sal deur middel vanboodskappe herinner word aan hul onderhoude.
6. Voornaam van die Direkteur: Institusionele Projektkantoor.

So lyk sosiale kohesie aan die NWU

Studente is meer geneë om die Universiteit se kampusse en klaskamers met mense van ander rasse te deel as om persoonlike ruimtes soos koshuiskamers te deel. Wat hierdie ruimtes betref, het alle studente van alle rasse 'n groter behoefte aan sosiale afstand, maar wit studente is die sensitiefste daarvoor.

Dit is sommige van die interessante bevindinge van 'n opname wat tussen September en November 2008 by die NWU gedoen is oor die vlakke van sosiale kohesie en voltydse studente se bereidheid tot integrasie.

Die opname is op versoek van die NWU-Raad deur 'n subtaakspan van die NWU se Menseregtekommissie onderneem onder 'n verteenwoordigende steekproef van voltydse studente, bestaande uit 594 studente van die Mafikengkampus, 1 958 van die Potchefstroomkampus en 440 van die Vaal-driehoekskampus.

Hier volg sommige van die opname se bevindinge:

- Oor die algemeen is daar heelwat respek vir ras op al die kampusse van die NWU, en dit wissel tussen 73% en 95%. Tussen 20% en 34% van Kleurling- en swart studente ervaar egter wel gevalle van disrespek.
- Daar is gevind dat studente 'n gebrek aan respek vir hul eie kulture op dieselfde manier ervaar. Dit wil sê, lede van 'n spesifieke ras ervaar disrespek op dieselfde manier, ongeag op watter kampus hulle hul bevind.
- Studente interpreteer "ras" en "rassisme" egter baie uiteenlopend. Sommige studente assosieer hierdie terme byvoorbeeld met verskille in godsdiens, terwyl ander dit beskou as kultuur- en voorkomsverskille.

Hierdie is 'n paar van die individuele reaksies wat ontvang is:

"Ek voel dat my eie kultuur geminag word as:

- koshuisplasinge nie op meriete geskied nie;
- mense van ander rasse my snaaks aankyk as ek 'n serp en klere dra wat met my godsdiens verband hou;
- ander studente en dosente my ondermyn net omdat ek swart is;
- ek nie vir 'n beurs in aanmerking kom nie omdat ek wit is;
- swart koshuisstudente nie Kleurlingstudente daar wil hê nie;
- ek as buitelanders soos 'n buitestaander behandel word;
- ek gevra word of ek regtig swart is aangesien Afrikaans een van my vakke is;
- Afrikaans en Engels gebruik word, maar nie Sesotho nie;
- daar teen my gediskrimineer word, omdat ek wit is en geoordeel word oor dinge wat my voorsate gedoen het."

Studente wat aan die opname deelgeneem het, het onder meer die volgende konstruktiewe voorstelle gemaak:

- Gebruik slegs Engels as onderrigmedium.
- Behandel alle studente eenders, of hulle nou internasionale studente of plaaslike studente is.
- Moedig studente aan om hul moedertale te gebruik.
- Verseker rasvertenwoordiging op bestuursliggame om almal te akkommodeer.
- Pas koshuis- en kampustradisies aan by alle kulture.
- Bied meer interaktiewe geleenthede om sosialisering te bevorder.

- Stel 'n gedragskode op wat gelykheid benadruk.
- Stel ernstige tugmaatreëls in in gevalle van minagting tussen rasse.
- Moedig groeppinteraksie aan tussen studente van verskillende kulture om 'n gees van Ubuntu te bevorder.
- Kampusbestuur kan nie werklik iets doen nie; dit is die studente se denkwyse wat verkeerd is.

"Op kort termyn kan waarde toegevoeg word as sommige van die voorstelle van die studente oorweeg word," sê prof Marlene Verhoef, Institusionele Direkteur: Taaldirekoraat en lid van die span wat die opname gedoen het.

Die span het tot die gevolgtrekking gekom dat verdere navorsing nodig is ten einde die NWU se begrip van hierdie komplekse sake te verbeter, tesame met programme om diversiteit en diversiteitskwessies op die NWU-kampusse konstruktief te bestuur.

Die NWU se Menseregte-subtaakspan wat die opname gedoen het:

- Dr Suria Ellis, Statistiese Dienste, Potchefstroomkampus
- Dr Edward Sedibe, Institusionele Direkteur: Studentesake en Sport
- Prof Marlene Verhoef, Institusionele Direkteur: Taaldirekoraat
- Prof Johan Zaaïman, Skool vir Sosiale en Owerheidstudies, Potchefstroomkampus
- Prof Madoda Zibi, Institusionele Direkteur: Diversiteit, Gelykheid, en Menseregte

Terugvoer: Leierskapsakademie

Van bladsy 2

Eish! het 'n paar van die deelnemers gevra vir terugvoer oor die werkwinkel:

"Dit was 'n wonderlike geleentheid vir senior bestuur om ons bestuursvaardighede opnuut te slyp en om belangrike bestuursaanleenthede reg aan die begin van die jaar te bespreek. Ek het die uitstekende sessie oor selfkennis en persoonlikheidskenmerke en -verskille baie interessant gevind."

- Prof F van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie

"Die werkwinkel het my oë laat oopgaan vir baie kwessies rondom verandering. Aangesien die Universiteit steeds besig is om te verander as gevolg van die samesmelting, het dit gehelp om 'n bewustheid te skep oor die bestuur van verandering. Hierdie inligting sal ons as

bestuurders help om die samesmelting vanuit 'n ander hoek te beskou."

- Prof Lulama Qalinge, Waarnemende Dekaan: Geestes- en Sosiale Wetenskappe, Mafikengkampus.

"Die spangees onder die NWU-bestuur het verbeter. Die opleiding was baie prakties en dit is nou belangrik om alles te gaan toepas wat ons geleer het. Ek ervaar ook nou 'n groter bewustheid van myself as bestuurder."

- Me Dorothy August, Registrateur: Potchefstroomkampus.

"Die program was gedagteprikkelend en het 'n hele klompie moontlikhede verskaf vir die hantering van hedendaagse leierskapskwessies in 'n dinamiese hoëronderwysomgewing. Dit was ook 'n uitstekende geleentheid om te netwerk met sleutelrolspelers aan die NWU."

- Prof Roy Dhurup, Dekaan: Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie, Vaal-driehoekskampus.



Prof Frikkie van Niekerk



Prof Lulama Qalinge



Me Dorothy August



Prof Roy Dhurup

NWU open FW de Klerk-uitstalling



Mnr FW de Klerk, mev Elita de Klerk, mev Suzette Eloff en Dr Theuns Eloff by die opening van die uitstalling.

Die NWU het onlangs een van sy bekendste alumni vereer toe die permanente FW de Klerk-uitstalling in die biblioteek op die Potchefstroomkampus amptelik geopen is.

“Die De Klerk-familie is met talle naelstringe aan die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO) verbind en is vandag met groot entoesiasme aan die NWU verbind,” het mnr De Klerk tydens die opening van die uitstalling gesê.

Van die eregaste wat by die opening teenwoordig was, is mnr FW en mev Elita de Klerk, sy broer, Wimpie, sy seun, Willem, asook

die lede en gades van die 1958-Studenteraad van die voormalige PU vir CHO, waarvan mnr De Klerk die Visevoorsitter was.

“Die daarstelling van die NWU as ‘n nuwegenerasie-universiteit tien jaar ná die eerste demokratiese verkiesing in 1994 stem ooreen met die visie wat mnr De Klerk in sy geskiedkundige parlementêre toespraak in 1990 met die volk gedeel het,” het dr Theuns Eloff, NWU-Visekanselier, tydens die opening gesê.

Die uitstalling bestaan uit memorabilia wat deur mnr FW de Klerk aan die Universiteit geskenk is en beeld verskeie aspekte van sy beroemde loopbaan uit.

Die De Klerk-familie se verbintenis met die NWU:

- Ds WJ de Klerk, mnr FW de Klerk se oupa, was vanaf 1919 tot 1927 die eerste registrateur van die Potchefstroomse Universiteitskollege.
- Mnr de Klerk se pa, Senator Jan de Klerk, het aan die PU vir CHO studeer en was vanaf 1962 tot 1979 Kanselier. Mnr de Klerk se ouer broer, Willem (Wimpie), het ook aan die PU vir CHO studeer en het later professor op hierdie kampus geword – ‘n pos wat hy vanaf 1965 tot 1973 beklee het.
- Mnr de Klerk was self in die 1950’s ‘n student hier en het in 1958 ‘n LLB-graad verwerf. Volgens hom was hy nie juis een van die toegewydste studente op die kampus nie. “Ek dink talle van my dosente was later verras toe hulle sien hoe ek uitgedraai het,” het mnr De Klerk glimlaggend opgemerk.
- In sy finale jaar, 1958, was hy Visevoorsitter van die Studenteraad. Baie jare later, van 1992 tot 1998, het hy as Kanselier van die PU vir CHO gedien.



Teenwoordig by die geleentheid is van links prof Francois Venter, Dekaan: Fakulteit Regte, Potchefstroomkampus, dr Leon Wessels, SA Menseregtekommissie, Prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, Institusionele Bestuur, en Prof Esté Vorster, Direkteur: Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding, Potchefstroomkampus.

NWU is voor wat rekordbestuur betref

Onder hoëronderrysinstellings in Suid-Afrika is die NWU die onbetwiste leier wat rekordbestuur betref.

Dis is weer eens bevestig toe die Departement van Onderwys (DvO) vir me Amanda van der Merwe, Rekordbestuurder van die NWU, genooi het om 'n rekordbestuurwerkswinkel vir 27 afgevaardigdes van ander hoëronderrysinstellings aan te bied.

Die DvO het me Van der Merwe, wat ook die Bestuurder: Institusionele Administrasie van die NWU is, 'ontdek' toe sy in 2007 en 2008 departementele werkswinkels oor elektroniese dokumentbestuur bygewoon het.

By hierdie werkswinkels, wat gerig was op

kundiges in inligtingstechnologie en rekordbestuur, is me Van der Merwe gevra om aanbiedings te doen oor die vordering wat gemaak is en kennis wat opgedoen is tydens die implementering van rekordbestuur aan die NWU.

Haar aanbiedings is besonder goed ontvang deur die ander universiteite wat teenwoordig was en hulle het haar gevra om vir hulle werkswinkels aan te bied. Die rede daarvoor is dat daar 'n groot behoefte is aan opleiding op die gebied van rekordbestuur, maar dat geakkrediteerde opleiding nie gereadig beskikbaar is nie.

Die eerste werkswinkel, wat op 2 en 3 Desember 2008 by die Universiteit van Pretoria gehou is, het derdegeldstroom-inkomste van meer as R30 000 vir die NWU ingebring.

"Ons gaan in Maart 2009 dieselfde werkswinkel by die Universiteit van die Vrystaat en die Universiteit van KwaZulu-Natal aanbied. Dit sal 'n verdere inkomste van ongeveer R30 000 vir die NWU beteken," sê me Van der Merwe.

In nog 'n ontwikkeling wat uit die Desemberwerkswinkel voortgespruit het, is die NWU deur die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika genader om die werkswinkel by hul konferensie in Mei 2009 aan te bied.

Sluit aan by die NWU-konvokasie

Die konvokasie is wêreldwyd 'n belangrike struktuur in die bestuur van universiteite. Aan die NWU speel die konvokasie 'n sleutelrol daarin om die Universiteit se reputasie vir uitnemendheid gestand te doen.

Eish! het aan me Izette Schouwstra, Bestuurder: Konvokasiesake in die kantoor van die Institusionele Registrateur, 'n paar vrae oor die Konvokasie gevra.

Wat is die Konvokasie en hoe verskil dit van alumni-groepe?

Die Konvokasie bestaan uit meer as slegs die alumni. Dit bestaan nie net uit elke persoon wat met 'n diploma of graad aan die Universiteit of sy voorlopers gegradueer het nie, maar ook uit die huidige permanente personelede van die instelling.

Wat doen die Konvokasie?

Die Konvokasie verbind sy lede met die Universiteit, tot voortdurende voordeel van die instelling en huidige en toekomstige konvokasielede. Dit poog om die Universiteit se beeld te bevorder en sy tradisies en belange te bewaar.

Lede stem vir die Uitvoerende Komitee, wat

die Konvokasie se verteenwoordigers op die Raad verkies. Die Uitvoerende Komitee moedig ook samewerking tussen lede aan, administreer die Konvokasie en werk nou saam met die Bestuur wat verskeie sake betref.

Waarom moet ek by die Konvokasie aansluit?

Helen Keller het eenmaal gesê: "Alleen kan ons so min doen, saam so baie." Deur by die Konvokasie aan te sluit, kan u help om die Universiteit as intellektuele vlagskip vir die land en die kontinent te vorm. Die Universiteit is wat dit is as gevolg van die mense wat dit ondersteun – ook u.

Hoe kan ek 'n lid van die Konvokasie word?

As u nog nie 'n lid is nie, kan u 'n lidmaatskapvorm invul en u eenmalige ledegeld van R50 betaal. Die aansoekvorm is op ons webwerf by <http://www.nwu.ac.za/hsc/Secretariat/Convocation/index.html> beskikbaar. Stuur u voltooiende vorm en bewys van betaling aan Izette Schouwstra, Interne posbus 449, NWU. As u onseker is van u lidmaatskapstatus, stuur asseblief vir my 'n e-pos dat ek dit kan bevestig.



Me Izette Schouwstra

Huidige Raadslede wat deur die Konvokasie aangewys is:



Mnr Flip Buys



Dr Fritz Kok



Adv Jan Henning, SC



Prof Laetitia van Dyk

Hulle stap die ekstra myl ... 'n klomp ekstra myle

Ons het in die vorige Eish! vir ons lesers gevra om kollegas te nomineer wat bereid sal wees om daardie ekstra myl te stap. Die bydraes wat tot dusver ontvang is, toon nie net dat talle in die NWU-gemeenskap uit hul pad gaan om uitnemende diens te lewer nie, maar ook dat hulle toewyding deur hul kollegas opgemerk en waardeer word.

Ons deel in hierdie uitgawe 'n paar voorbeelde met u:

Mnr Zander Lindeque van die Departement Biochemie, Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe op die Potchefstroomkampus en mnr Cobus Steenkamp van die Institusionele Projektkantoor glo dat die **Werknemerwelstandspan**, wat uit **mee Ina van der Watt, Anne Freeke en Jo-Anne Lindeque** bestaan, nooit aarsel om tallose ekstra myle te stap nie.



Mee Ina van der Watt (voor), Anne Freeke (links) and Jo-Anne Lindeque (regs).

"Hul flink reaksie op navrae, die talle projekte wat hulle bestuur, die mooi versierde lokale en die verversings vir gaste van buite, soos die bloedskenkspanne, weerspieël nie net hulle harde werk nie, maar ook hul passie en toewyding.

"Hulle het dikwels voor die interkampus- sosiale dae regdeur die nag tot in die vroeë oggend- ure gewerk. Hulle is altyd uiters tegemoetkomend om mense te akkommodeer, byvoorbeeld dié met laat besprekings vir projekte. Hulle bly kalm en vriendelik, selfs wanneer daar onverdiende kritiek teen hulle uitgespreek word."

Me Yolande Bechaz in die kantoor van die Finansiële Direkteur in die Institusionele Kantoor wil graag vir **mnr Andrew Fouche (jr)** van Institusionele Finansiële Administrasie nomineer.

"Andrew het werklik moeite gedoen om al die regte meubels vir ons in die C1-gebou in die hande te kry. Hy is ook baie hulpvaardig in verband met die Oracle finansiële stelsel.



Mnr Andrew Fouche (jr).

Geen probleem is te groot of te klein nie – jou saak is altyd vir hom baie belangrik. Glo my, dit is die moeite werd om sy uitbreiding se nommer uit jou kop te ken!"

Me Lynette Tolmay van Beskermingsdienste op die Potchefstroomkampus wil graag vir **Mr Riaan Cremer**, ook van Beskermingsdienste, nomineer.



Mnr Riaan Cremer.

"Riaan is ons opleidingsbeampte – hy bied sekuriteitsopleiding aan en het verlede jaar ook met wapenopleiding begin. Hy het die uitstekende vermoë om sy kennis aan kursusgangers oor te dra en is altyd vriendelik en hulpvaardig. Hy skakel goed met interne en eksterne belanghebbendes en beskik oor 'n goeie goeie oordeelsvermoë. Die sekuriteitsopleiding wat hy aan leerders by die Wilgeskool aanbied, toon sy toewyding aan gemeenskapsdiens."

Me Susan van Rooyen, Waarnemende Bestuurder: Bemarking en Kommunikasie, Mafikengkampus, glo dat **me Zandile Bingo** van die Nagraadse Skool vir Besigheids- en Bestuursleierskap by die Fakulteit Handel en Administrasie die ekstra myl gestap het toe sy in Februarie hierdie jaar kalm gebly het tydens die onderhoud met die aanbieder van Highveld Stereo se vroeë oggendprogram, *Rude Awakenings*.



Me Zandile Bingo.

"Toe sy deur die aanbieder, 'Wackhead', oor die boodskap op die kliëntesorg-antwoorddiens by die Mafikengkampus gekonfronteer is, het sy kalm, professioneel en vriendelik gebly. Sy volgehoue pogings om haar uit te lok, kon haar nie van stryk bring nie. Haar spitsvondige reaksies het verseker dat die beeld van die Universiteit behoue gebly het en het tot gevolg gehad dat sy laaste gelag het."

Prof Reinford Khumalo, Dekaan van die Fakulteit Handel en Administrasie op die Mafikengkampus wil graag sy sekretaresse, **me Gloria Gopane**, nomineer. "Sy is goed georganiseerd, stiptelik, en opgeruimd. Sy loop dikwels die tweede



Me Gloria Gopane.

myl deur dringende bode-take te verrig wanneer ons bode nie beskikbaar is nie. En sy doen dit sonder om ooit te kla."

Me Sunelia Rietkerk van Studenterekeninge op die Vaaldriehoekskampus wil graag hê dat **me Anna-Marie van der Elst**, Bestuurder: Finansies op dieselfde kampus erkenning ontvang vir haar toewyding.

"Sy doen baie meer as wat van haar verwag word: sy gaan nie net uit haar pad om studente en kollegas by te staan nie, maar is die beste baas vir wie ek nog ooit gewerk het. Sy is ALTYD beskikbaar vir die mense in haar afdeling en ondersteun ons in ons werk en ook op persoonlike vlak."

Me Monica Mampone van Finansiële Steundienste is ook van mening dat me Van der Elst uitstekende diens lewer, veral wat studenteregistrasies betref. "Sy werk selfs naweke en na-ure om seker te maak dat alles betyds gedoen word."



Me Anna-Marie van der Elst.

Me Mari-Leigh Pienaar van die Skool vir Tale, Fakulteit Geesteswetenskappe, Vaaldriehoekskampus, meen dat **Me Christine van Aardt**, 'n sekretaresse by hierdie skool, erkenning verdien vir onder meer die professionele manier waarop sy studente help.

"Sy is altyd hulpvaardig en wanneer sy nie weet wat om te doen nie, vind sy uit - sy stuur hulle nooit bloot weg om self te sien hoe hulle klaarkom nie."

'n Buitengewone voorbeeld van die ekstra myl was toe me Pienaar probleme met haar motor gehad het en me van Aardt nie gekroom het om haar by die huis te gaan haal om te verseker dat sy betyds vir haar klasse is nie.



Me Christine van Aardt.

Me Chanél Boshoff, ook van die Skool vir Tale, stem heelhartig saam. "Ek het gesien hoe Christine rustig bly, selfs onder druk. Al is sy besig op die rekenaar, met vyf mense wat vir haar wag, antwoord sy nog steeds die telefoon kalm: 'Goeiedag, Skool vir Tale, Christine wat praat ...' En dan gee sy haar volle aandag aan die persoon."

NWU verwelkom meer as 5 000 eerstejaarstudente

Die NWU het vanjaar 5059 eerstejaarstudente op die drie kampusse verwelkom, wat ongeveer 3,3% meer is as die 2008-inname.

Op die Potchefstroomkampus is 3 190 aansoekers aanvaar, terwyl die Mafikengkampus 907 eerstejaars toegelaat het. Die Vaaldriehoekskampus het 'n rekordtal van 962 eerstejaars verwelkom.

In sy toespraak aan die Vaaldriehoekstudente en hul ouers het die Visekanselier, dr Theuns Eloff, gefokus op die Universiteit as 'n belangrike rolspeler in hoër onderwys in Suid-Afrika. Hy het bygevoeg dat die Universiteit nou finaal die samesmeltingshoofstuk kan afsluit en met selfvertroue vorentoe kan beweeg.



Dr Theuns Eloff, NWU-Visekanselier, was teenwoordig toe prof Piet Prinsloo, Rektor van die Vaaldriehoekskampus die eerstejaarstudente op 23 Januarie 2009 verwelkom het. Hier is dr Eloff (voor, middel) saam met 'n aantal eerstejaars, prof Prinsloo (agter heel regs) en mnr Siphwe Mbata, Voorsitter van die Kampus se Verteenwoordigende Studenteraad (agter, tweede van links).



Dr Theuns Eloff, Visekanselier, met twee van die eerstejaarstudente wat op 26 Januarie 2009 op die Mafikengkampus verwelkom is.



(Foto: Potchefstroom Herald)

Prof Annette Combrink, Rektor van die Potchefstroomkampus, spreek die geskatte 12 000 mense toe wat die Kampus besoek het toe die eerstejaars op 17 Januarie 2009 verwelkom is.



Die NWU het talle toekennings gedurende 2008 ingepalm en sal voortgaan om steeds hoër hoogtes te bereik, wat ons strewe onderskryf om 'n toonaangewende universiteit in en buite Afrika te word.

Institutionele
Kantoor



Mafikeng-
kampus



Potchefstroom-
kampus



Vaaldriehoek-
kampus



Dankie aan alle NWU-personeel vir jul volgehoue ondersteuning

- Die mees innoverende universiteit in Suid-Afrika - *Innovasiefonds van die Departement Wetenskap en Tegnologie, 2008*
- Die bes bestuurde universiteit in Suid-Afrika - *PricewaterhouseCoopers, 2008*
- Die universiteit wat die meeste bydra tot veeltaligheid en nasiebou - *Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 2008*
- 'n Gesonde finansiële surplus is weereens in 2008 behaal, met 'n gemiddelde verhoging van slegs 9% in klasgelde
- Suksesvolle voltooiing van die 2008-akademiese jaar op alle kampusse
- Navorsingsuitset het sedert 2004 met 36,8% gegroei, met 11% van die permanente akademiese personeel wat oor graderings van die Nasionale Navorsingstigting beskik

www.nwu.ac.za



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT